


*Herinneringe van Tjaart van der Walt  
oor die Anglo-Boereoorlog en sy  
voorgeslagte.*



**Inleiding**

Tjaart Petrus van der Walt (20.10.1894 tot 19.12.1986) het in 'n boek 'n aantal geskrewe notas nagelaat, waaronder die stukke wat hierby verskyn. Die boek is deur Tjaart se oudste seun, Cobus van der Walt, beskikbaar gestel.

"Toe my vader die môre Okt. 1899 vertrek op kommando kan ek onthou dat hy had sy geweer in hand, sy patroonband om die skouers. Toe hy moeder soengroet het sy gehuil en ek sien dat hy ook trane wegvee.

Ons was twee huisgesinne wat bymekaar gewoon het op 'n deel van my Oupa se grond. My Vader en sy swaer Oom Barend van der Walt het om die beurt kommando toe gegaan. Elkeen kry 'n maand Wegdiens, terwyl die ander een tuis sorg.

Toe die Tommies in Kimberley se omgewing deurbreek en optrek na Bloemfontein moes ons vrouens en kinders vlug en bly by die vrouens se vlugkommando. Daar het ons kinders baie ontberings moes uitstaan. Koud slaap in die veld in winternagte. Daar mog ook nie vuur gemaak word nie.

My moeder met 5 kinders en my tante Aletta met 3 kinders vlug op 'n oop bokkiekar en twee merrieperde. Die een merrie word kreupel en die kommandant van die vlugkommando, (Komdt v Wyk) kon ons nie help met 'n ander perd. Toe sê my moeder: "Ek gaan terug na my huis." Ons is nou 18 myl van ons huis. Die plase om ons plaas is ontvolk. Dit was op Rietfontein dat ons teruggedraai het huistoe – die twee vrouens met agt kinders.

Gevangeneming van my Vader

Terwyl dit sy beurt was om op die plaas te bly en die \_\_\_

Britse leërs optrek na Bloemfontein, het 'n Engelse setlaar wat so 30 myl stroomaf aan Modderrivier gewoon het 'n kommando van verraaiers Boere en Engelse opgemaak en opgetrek langs die rivier en mense gevang en aan die Engelse uitgelewer. Hy was vroeër 'n offisier in die Britse leër. Sy van was Campbell.

Toe my Vader sien breek hulle deur 'n turksvylaning omtrent twee honderd treë van ons huis af en storm onverwags op die huis af. My Vader wou vlug en hardloop af na die rivier se walle. Maar hulle was te naby en kon hom skiet vóór hy by skuiling kon wees. Hy het omtrent 30 treë gehardloop, maar draai toe om en onmiddellik ontwapen hulle hom.

Toe vat hulle hom met al ons vee weg na die Britse leër. Hy was daarvandaan oor Durban gestuur as krygsgevangene na Bermuda, en is eers na die oorlog teruggebring na S.A.

Daarna het die vrouens gevlug saam met die vlugkommando's. Nou het my moeder teruggesukkel na haar huis met die kreupel merrie.

Daar aangekom vind sy alles, meubels ens. verbrand op die plaas. Geen vee, geen graan. Al voedsel vir ons was 'n klomp pampoene, wat in die pakhuis was en nie verniel was. Daar het 8 basterskape rondgeloop. Maar hulle was so wild dat ons hulle nie in die hande kon kry om te slag nie. Ek was die grootste mansmens en 6 jaar oud.

Ons moes toe vir vier maande op skone pampoene lewe. In die vierde maand het ons 'n bietjie mielies bygekry. My Oupa se plaas was 3 myl van ons af. Die Tommies het sy mielie sakke wat op die solder was, oopgesny en op die werf rondgesleep. Dan lê die mielies in strepe rond. Ons het toe gaan optel en kaboe gaar gemaak. Dit was 'n verbetering op die pampoene.

My Oupa Tjaart v d Walt was ook weggestuur en sy elfjarige seun Tjaart junior, na Bermuda.

My Ouma het weer teruggekom na haar huis. Toe verhuis ons ook daarheen. Sy het 'n groot huis gehad en ons bly toe drie gesinne saam in haar huis. Van die vegtende Boere het soms by ons aangekom en vir ons 'n stukkie wild geskiet, sodat ons darem vleis kon hê.

Ons was 'n paar maande so saam daar toe sien ons iets buitengewoons kom sommer so deur die veld na ons aan. Dit was twee ossewaens wat ons kom vat na die konsentrasiekamp.

Die Bantoes in diens van die Engelse het die hoenders gevang, nek omgedraai en aan hulle saals vasgemaak. Ons kry bevel om van ons nodigste goedjies op te pak en kamp toe te gaan.

Ons kinders en vrouens wou nie graag die plaas verlaat; maar ons moes maar gehoorsaam. Ons was naderhand almal op die wa, maar my oorlede Ouma wil nie opklim nie. Hulle het vir haar 'n stoel by die wa se breek gesit. Sy het naderhand daarop gaan sit maar wou nie opklim nie en hulle is haastig hulle wil vertrek. Die offisier praat mooi en vat my Ouma aan die arm om haar op te help.

“Los my jou pes!” skree sy vir hom en stamp sy arm weg. Hulle is haastig en wil vertrek. Sy hou hulle op. Toe het die groter kinders naderhand mooi gepraat en haar gesoebat om maar op te klim. “Ons is nou in hulle hande en hulle kan met ons maak wat hulle wil. Laat ons nou maar gehoorsaam wees.” Toe het sy naderhand ingewillig en opgeklim. So kon die waens vertrek.

Hulle neem ons drie huisgesinne na 'n troepe kamp op die plaas Abrahamskraal net 10 myl oorkant die Modderrivier. Daar het ons drie weke by hulle gestaan in 'n markee tent. Die wagte het met ons kinders maats gemaak en klinkers (semelkoekies) gegee om te eet. Daar het drie kanonne gestaan, onder seile. Die Tommies het hulle vir ons seuns skelmpies gewys. Maar ons moenie vertel.

Na drie weke verblyf hier het hulle ons geneem na die kamp te Bloemfontein. Daar was beltente opgeslaan in blokke genoem blok A, B tot Z. Die beltentjies is weer elk genommer van 1 – 30 ens. Ons tent was Blok H tent no. 7. Die grootste deel van die kamp was nog onder konstruksie. Daar het ons toe 1 jaar en enige dae gebly en al die ellende van die kamp deurleef.

Alles wat ons moes geniet om van te lewe was gerantsoeneer. Die water moes ons kry en gaan toustaan vir ure by 'n lamplendige handpompie buite die kamp. Vleis, meel, brandhout ens. moes ons voor gaan toustaan by sinkgeboue net buite die kamp – die “ressing” kamers. Vanaf Modderrivier is nat boomstompe aangery en die moes gesaag en die blokkies uitgedeel word. Dan kry elke tent maar min. Die vrouens kap met handbyltjies die nat hout fyn om 'n bietjie droog te maak (want hulle wil nie brand). Twee of drie tente vat hul houtjies bymekaar om 'n oond warm te maak om brood te bak, in grond selfgeboude bakoonde.

In die begin het daar altyd troepe wagte om die kamp geloop. Later het hulle minder geword (of hulle minder gewys).

Daar was 'n plek (sinkkamer) buite die kamp met 'n waterpomp, waar mense kon gaan klere was. Maar die watervoorsiening was so swak, dat mense verkies het om liewer by die tent goedjies skoon te sukkel.

Daar het gewoonlik 'n verpleegster omgegaan by die tente en siek kinders en grootmense verwyder na vier hospitaalggeboue, wat tussen die kamp en Bloemfontein gestaan het – lang sinkgeboue genommer 1, 2, 3, 4. Tussen die hospitale en die kamp was 'n lykstent, waarin die lyke gekis of ongekis geplaas word. Mens mog daar nie kom nie. Maar ons kinders het soms skelm gaan inloer. Dan tel ons hoeveel lyke is daar vandag. Ek onthou nog die getalle 19, 15, 8 + 28.

Die klein lykies was meesal in seepkissies geplaas. Sommige mense kon goeie begrafnis kiste bekostig.

Ek was in die hospitaal vir 4 weke en toe vir 2 weke in die herstelltent, net buite die hospitaal. Na die dokter my ondersoek het, ontslaan hy my. Ek en 'n ander seuntjie laat hulle toe om self kamp toe te loop (ons was maar swak). Wat was my moeder se blydschap groot toe ek die tent ingestap kom!

Toe ek daar kom was my een sustertjie en jongste kind, 'n boetie ook heengegaan en my oudste suster kort tevore ook na die hospitaal. My jongste sustertjie (ons was 5 kinders) was tuis maar siekerig. Nie lank daarna is sy in die tent oorlede.

Vandag nog kan ek nie 'n traan bedwing, as ek daaraan dink hoe histeries my moeder tekere gegaan het toe sy dood is. Sy sê: 'Nou kan ek ook maar gaan!'. Toe sê ek vir haar 'Maar Ma Ousus en ek is mos nog daar.'

Dis toe dat sy haar hande saam vat, in haar tent gaan staan en opkyk na bo en hardop bid: 'O, God help my om staande te bly!'.

Later het suster Johanna uit die hospitaal gekom. Ons twee was al wat oor was van die 5 kinders.

Die kampelewe het ook sy afwisseling gehad. Die owerhede van die kamp bou net buite die kamp skole en dwing die kinders om die skole by te woon. Die voertaal is natuurlik Engels. Ek was so 6 – 7 jaar oud en stel belang en gaan na skool. Dit was nie juis vir ons lekker om gestraf te word oor stilsit ens. Maar ek was daar vir 2 weke. Toe een môre net voor skool speel ons daar rond en ons kleintjies het 'n paar klippies wat ons wil weggooi. Ek gooi my klippie en hy tref die hoof se sinkkantoor se dak. Hy kom toe daar uit en loop tussen die kinders in en vra baie kwaad: 'Who did that, who did that?!'

Een van die groter seuns wat my gesien gooi het, sê so stilletjies vir my: 'Boetie nou moet jy hardloop of hy het vir jou!' Natuurlik gly ek soos seep tussen die kinders deur kamp toe. Dit was my laaste skoolgaan. As die skoolbesoekbeampte die tente deurgaen om stokkiesdraaiers aan te keer koets ek so tussen die tente deur dat hy my nie kry nie.

'n Ander ding wat ons seuns besig gehou het, was 'oorlog'. Teen die rand van Tempe lê die kleinste kamp met die naam Kondensdraai. Ons kamp was baie groter en sy naam het hulle gegee Stinkdraai. Daar het 'n kliprandjie die twee kampe geskei. Dit was ons slagveld.

As die een kamp sien die vyand verskyn op die randjie, dan storm sy manne daarheen. Die ammunisie was klippe. Hulle gooi mekaar vir al wat hulle werd is, tot een vyand vlug. Die wat gevang word kry met die kweperlat. Hulle het soms so woens aangegaan dat hulle twee seuns na die hospitaal moes vat, de Beer en v. Rensburg, as ek die name reg onthou. Die troepe het naderhand 'n stop daaraan gesit; maar hulle het nog altyd tot op die end van die oorlog skelmpies geveg.

Hulle het my eendag baie beledig. Ons latrine was 'n ent buite die kamp in hulle rigting. Toe ek en my maatjie daarheen gaan sien ons hulle begin veg op die randjie. Maar ons speel maar en steur ons nie aan hulle. Maar ons skrik groot toe daar klippe teen ons latrine 'Daerrr!'. Toe ons uitspring was dit net pure vyand om ons. Ons manne vlug kamptoe en ons twee laat nael ook. Maar een van hulle groot seuns hardloop ons in en vang ons. Met een aan elke hand neem hy ons na sy hoofoffisier. "Kommandant, hier het ek twee karnallies gevang!"

'Bring hulle hier!' sê die komm. Hy bekijk ons en sê vir die seun 'Ag los hulle maar. Hulle drink nog aan hulle ma!'. Ons voel beledig; maar het darem die rottang vrygespring.

Kos was gladnie volop. Groente bitter skaars. Vleis was skaars en van swak gehalte. Toe die vrede kom het hulle ons toegegooi met voorrade – teveel. So dat ons kinders selfs gemors het met kondensmelk.

My moeder stuur my niggie Hester en my om graspolle te gaan uitgrawe naby die kamp teen die bult. Ons het 'n suikersakkie en 'n kussingsloop om vol te maak. Ons was byna klaar toe kom my tante, 'n bietjie ouer as ons spring-spring aangehardloop. Sy gooi haar arms in die lug en skree 'Hoerê! Vrede! Vrede! Vrede' Ons hardloop haar tegemoet en vra wat is dit? Sy sê dis vrede en ons het gewen. Ongelukkig kom dit later deur dat ons verloor het (die twee Republieke).

Na die vredesluiting was ons nog drie maande in die kamp. Toe het van ons familie mans wat op kommando was ons per ossewa kom haal uit na die plaas. Ons het mieliemeel rantsoen gekry vir 6 maande, dan moes ons verder self sorg. Waar sou ons kos vandaan kom? Daar is geen vee op die plase. Alles is weggeneem en vernietig. Huise en meubels is verbrand. So is die graan. Daar is geen diere om mee te ploeg. Die Engelse polisie het alles beheer. Ons had geen gewere om wild te skiet (al moontlike vleis vir ons). Toe kon die polisie vir ons 'n bok gaan skiet as 'n man saam gaan. Koeëlgeweers mag die boere nie besit: Haelgewere is later toegelaat. My Oupa se eerste haelgeweer is gekoop in 1909. Toe kon die kinders hom beurtelings kry om hulle huise te voorsien van vleis.

Die krygsgevangene mans het eers maande na ons op die plaas gekom. Dit was 'n dag van groot blydskap; maar ook tragies. Hulle was teruggestuur tot op Bloemfontein. Daarvandaan moes hulle self sien hoe om by die huis te kom (7 uur te perd). Hulle het 'n koets met 6 perde gehuur en toe ons sien draai die koets uit die grootpad na ons huis. Die vreugde en blydskap was groot. Trane van aandoening was volop.

Toe die eerste groetery ens. verby was, kyk my Vader so na my Suster en my en vra met trane in sy oë: 'Annie is dit al wat jy vir my oor het?' (2 kinders uit 5). Sy kon maar net sê 'Ja'. Toe stroom die trane weer.

Al wat my vader op sy plaas van sy besittings teruggekry het, was 'n ou vosmerrie Appelkoos, wat by die bure geloop het. Geld het hy ook nie gehad en moes alles van die grond af begin. In ons omgewing het daar 'n paar Engelse Setlaars plase gekoop en kom woon, bv. White op Abrahamskraal en Walker op Wolwespruit. By hulle kon hy stene maak en bou. Dit het darem geldjies ingebring. My Oupa had 3000 morg grond. Daarvan het hy 1500 morg verkoop teen £1-10-0 per morg. Daardeur kon Oupa en hulle weer veetjies aanskaf.

Mense uit die K.P. het vee ingestuur en verkoop aan die geruïneerde boere. My Vader het begin met 30 Afrikaner skape en 'n klompie boerbokke. Die bokke was ons melkverskaffers tot ons later jare koeie kon koop. Ek kon nog die vreugde van die familie onthou as hy na enige maande se verdienste 3 of 4 ootjies kon koop om die kudde op te bou.

My Vader was 'n skaapboer en het met baie goeie merino's geboer – regte plooiskepe. Ons grond was in die Karoostreek van Boshof-Distrik O.V.S. aan die Modderrivier, waar die Kimberley-Bloemfontein pad oor die Modderrivier gaan. Dit is baie goeie bossieveld en skaapveld.

*Bylae B*

My Oupa, Tjaart Petrus van der Walt was 'n flukse boer en baie ondernemend. Hy was nie juis 'n sosiale organiseerder nie; maar sy plaas was sy lewe. Hy het met niks begin in Bethulie se distrik. Hy koop 'n kaal stuk grond. Hy bou dit op; lê 'n werf aan. Dan 'n groot vloedwater-dam, plant 'n vrugteboom en saai broodkoring. Dan verkoop hy die opgeboude plaas weer duurder en herhaal die proses. Hy koop weer groter oop aarde en bou dit op ens. So het hy plase gehad in Bethulie (1), Bloemfontein (2) en Boshof 4 plase. Elke keer brei hy groter uit.

In die Distrik Boshof het hy begin met die plaas Sybrand. Hier bou hy 'n groot dam, huis, krale, lande ens en verkoop dit aan sy broer Barend. Tussen hakies op hierdie plek is diamante ontdek, 'n mynpyp maar dis glo nie betalend – diamante klein en yl.

Net aan die plek koop hy toe die plaas Oranje, 3000 morg. Daar het hy 'n goeie groot woonhuis laat bou en 'n groot dam gebou.

Van hierdie grond het hy die helfte verkoop na die Anglo-Boere oorlog, vir die aankoop van vee. Toe koop hy weer Dampplaas daar aan. Dis alles karoo-veeplase. Toe besluit hy en die kinders om in 'n saai-streek te woon. Daarom gaan hulle toe na die teenswoordige Hertzogville. Hier het hy 2400 morg besit. Hier is Oupa oorlede op Biesjesfontein in die jaar 1915 op 19 Aug.

My Ouma was die jongste dogter van Mnr. Jacobus Johannes Venter. Hy was Volksraadslid van die O.V.S. vanaf Republiek word in 1854 tot 1889. Daarby was hy Visie-president onder die Regering van president N. Boshof.

Sy is gebore op 31 Julie 1857 en oorlede 11 Feb. 1914. Oupa was gebore op 3 Julie 1838 en oorlede op 19 Aug. 1915.

My Vader het maar altoos op 'n deel van Oupa se grond gewoon en by Oupa se afsterwe het hy en sy jongste broer Hendrik die plaas Aangekocht uit die boedel gekoop om die helfte. (1000 morg)

Daar het ons gewoon tot 1919. Toe het ons verhuis na Christiana. Dit was grootliks om skool te kry vir sy 9 kinders wat toe nog in die huis was. Daar het hy hom toegelê op lusernboerdery.

Ek was gedurende 1918 op normaalkollege op Bloemfontein. Dus het ek begin onderwys gee vanaf Jan. 1919. Dit het ek gedoen tot 1958. Ek het officieel afgetree in Des. 1954, maar toe verder op aflosstaf gewerk tot Junie 1958.

My ouers lê begrawe op Christiana en my Oupa en Ouma op Biesjesfontein naby Hertzogville. Nakomelinge wat belangstel kan hulle graf daar besoek. Dit is opgemaak en versorg deur my neef Petrus van der Walt (T.P.) seun van my oom Pieter v.d. Walt, wat nou woon op Magaliesburg.

In verband met die "oorlog" van die Afrikaner kinders in die kamp, was die idee dat die grootmense voer oorlog daarbuite. Daarom moet daar in die kamp ook oorlog wees.

Daar was selfs offisiere gekies. Ons Generaal was 'n seun, Danie Steyn. As ons hom sien loop in die kamp word hy deur ons kinders bewonder. "Haai daar loop die Generaal. Onder hom was die kommandant: Flip Taljaard. Ons het nie eintlik van hom gehou. Hy was so iets van 'n boelie oor ons kleintjies. Hy het altyd so groot pap hoed gedra. Die generaal was 'n seun wat altyd netjies geklee was.

Insake die kamp moet ek nog melding maak daarvan hoe diep verlore mens voel as jy verdwaal. Ons was net kort in die kamp, toe was ek een aand hier by sonder uit die kamp na die latrine. Ek het my tyd versuim en toe ek begin terugkom, was dit al sterk skemer. Ja, en daar loop ek ons tent mis en verdwaal verder in die half opgeslane kamp verder weg (ses jaar oud). Dan kom ek in die donker van een bewoonde tent na die ander: "Tante het julle nie my ma gesien?" "Nee seuntjie wie is jou ma?" "Tant Annie tante". "Ja maar wat is haar van?" "Haai siestog die ou seuntjie is verdwaal. Wil jy nie hier by ons slaap nie, dan soek ons more na jou Ma?" "Nee Tante ek wil my Ma hê." Elf uur die aand hoor ek my Tante Dina skree daar ver onder in die kamp na my. Toe hardloop ek in daardie rigting en ek kom by hulle uit. Dit was 'n groot blydskap. Ek was regtig benoud!

*Bylae B*

Hier is nog 'n onaangename verhaal van die oorlog. 'n Dogter van oorlede Oupa, Elizabeth, was getroud met Mnr. Piet van der Walt van Dealesville. (Hy was nie familie van ons.) In die latere loop van die oorlog het hy by die Engelse aangesluit en hulle gehelp. Hy was deur die Britte toegelaat om ons dikwels te besoek in die kamp. Na die oorlog was die familie baie-baie ontevrede met hom. Toe wou hulle hom nie erken as familielid ('n swaer en skoonseun). Hy sou ook nie kon erf. Ek kan onthou dat hy herhaaldelik vriende na die familie gestuur het om sy fout as verraaiër te erken en om verskoning te vra.

Naderhand het die familie ooreengekom, dat hulle sal hom vergewe en weer opneem as hy in die kerk voor die preekstoel en so in die geref. Gemeente van Boshof gaan erken dat hy gefouteer het en berou het oor sy fout. Dit het ook gebeur. Ou Ds. du Plessis het 'n vormpie voorgelees terwyl hy voor die preekstoel en die gemeente staan en sy fout en spyt erken het met 'n ja en 'n hoofknik. Sy vrou Elizabeth het gesterf in die kamp.

My moeder se broer Jan Adriaan is gedurende die Anglo-Boereoorlog weggestuur as (na Indië) krygsgevangene en op die skip oorlede (ongetroud).

Kleinfontein was 'n goeie plaas, met 'n sterk standhoudende fontein, waar 'n groot vrugteboord en koringlande was.

Oupa Sarel Venter het in sy jongere jare gestudeer vir predikant. Hy het egter die projek nie deurgevoer nie; maar oorgeslaan na onderwyser. So het hy as onderwyser jare lank skoolgehou. (Natuurlik privaat soos die stelsel toe was)."



**Bloemfontein Konsentrasiekamp Nommer 1**

Foto: Transvaalse Argiefbewaarplek